# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# GRAAD 11

# VRAESTEL 3

# STELWERK

# NOVEMBER 2020

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**Inligting en instruksies**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 60 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.

(Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman of Ramdhani.)

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- **Skryf 'n opstel van 200 -250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.**

1.1. Akteurs en professionele sportmanne en vroue word te veel betaal. Bespreek.

1.2. Dit was 'n wonderlike afspraak met my nuwe nooi/kêrel.

1.3. 'n Reis.


1.4. Hierdie lewenservaring (life experience) het 'n groot impak op my lewe gehad.

1.5. My 2020 Covid-19 ondervinding.

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1.) neer.
**Jy moet 'n titel/opskrif vir jou opstel skryf.**

**LET WEL:** daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1.



1.6.2.




1.6.3.



**Totaal afdeling A: 50 punte**

## AFDELING B:  LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 2.1. **Dialoog**

Tydens die inperking, as gevolg van Covid-19, het jy en jou ma/pa ‘n argument gehad. Gelukkig het julle altwee afgekoel en vrede gemaak.

Skryf die argument wat tussen jou en jou ouer plaasgevind het, neer.  Verwys na die ding waaroor julle gestry het.

### 2.2. **Toespraak**

Jy het hierdie jaar aansoek gedoen om prefek te word.  Jy moes ‘n toespraak lewer aan jou klasmaats oor hoekom jy ‘n goeie kandidaat sou wees om prefek te wees.

Skryf die toespraak wat jy gelewer het neer.

### 2.3. **Informele brief**

Een van jou vriende wat in ‘n ander provinsie woon, wil in Kwazulu-Natal kom vakansie hou.  Skryf aan hom/haar en vertel van ‘n paar van die toeriste aantreklikhede wat ons provinsie bied.

### 2.4. **Huldeblyk**

Jy het ‘n geliefde vriend/vriendin afgestaan aan die dood.  Jy gaan ‘n huldeblyk by die begrafnis lewer.

Skryf die huldeblyk neer.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C:  KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**

3.1. **Plakkaat**

Julle skool wil 'n "Lees is 'n fees"-dag hou. Die doel van hierdie dag is om leerders aan te moedig om meer te lees. Maak 'n PLAKKAAT om mense oor hierdie dag in te lig.

3.2. **Instruksies**

Skryf ‘n lys van 7 instruksies wat jy vir iemand sal gee oor hoe om voor te berei vir ‘n belangrike eksamen.

3.3. **Dagboekinskrywing.**

Maak die volgende TWEE dagboekinskrywings.

Dit is die aand voordat die graad 11 leerders terugkom skool toe na die inperking wat amper 4 maande geduur het.  Skryf in jou dagboek van hoe jy voel oor die terugkeer skool toe.

Dit is die aand na jou eerste dag terug op skool na die inperking.  Skryf in jou dagboek van die dag se ervarings.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**